



Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za

14 NOVEMBER 2025 - JAARGANG 57-1702 R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
12 November 2025 - 89.08%
12 November 2024 - 98.44%
Reënval vir die week:
Geen

MBD ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Brand verwoes 1600 hektaar



'n Brand het Vrydag, 7 November op Gifberg uitgebreek. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

LEES BINNE:

Vrou sterf in brand
bl 2

Tydelike sluiting by myn
bl 3

Krieket-seisoen op dreef
bl 8

Weervoorspelling vir die week
MBD ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 13/11 19°/39°	Vry. 14/11 13°/39°	Sat. 15/11 13°/33°	Son. 16/11 16°/36°
Ma. 17/11 16°/36°	Di. 18/11 14°/36°	Wo. 19/11 12°/35°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 12 Nov. 2025



Applications for 2026 are open!

APPLY ONLINE NOW FOR ANY OF THE FOLLOWING PROGRAMMES:

- Occupational Certificates and CoS
- NATED / REPORT 191 (N4-N6)
- National Certificate (Vocational) - NC(V)

NSFAS BURSARIES AVAILABLE



Central Office
022 482 1143
www.westcoastcollege.co.za

Atlantis Campus 021 577 1727

Citrusdal Campus 022 921 2457

Malmesbury Campus 022 487 2851

Vredenburg Campus 022 713 3167

Vredendal Campus 027 213 5673

West Coast College Institute of Excellence

Westcoastcollege

@westcoasttvvetcollege

West Coast TVET College

Report Fraud
wccethics@gmail.com

AKTUELE NUUS

Vrou sterf in brand Beslag gelê op waardevolle saad

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: 'n Landbouwerker se huis op die plaas Retreat net buite Vredendal, langs Deon's Superspaar het Sondag, 9 November afgebrand.

'n Kind het omstreek 01:50 wakker geword en gesien dat hul woning aan die brand is. Volgens Vredendal SAPD het sy gesien haar ouma se bed in dieselfde vertrek was alreeds heeltemal in vlamme.

Die gesin het dadelik gevlug en die huis het totaal afgebrand.

Vredendal Brandweer het om 02:09 die oproep ontvang. Toe hulle om 02:32 op die toneel arriveer, het die SAPD hulle meegedeel dat daar vermoedelik een persoon in die brand omgekom het.

Mietjie van Reenen (65) het in die brand gesterf.

Die SAPD sê die aanvanklike ondersoek dui dat Van Reenen 'n kers langs haar matras geplaas het vir lig en vermoedelik toe aan die slaap geraak het.

Niemand anders is in die voorval beseer nie. Die SAPD se ondersoek duur voort.

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die SAPD het Woensdag, 29 Oktober inligting ontvang van mense wat by die "Intake" besig was om plante te stroop. CapeNature is in kennis gestel.

Donnie Malherbe en Monique Ruthenberg van CapeNature was in beheer en het planne in plek gestel. Hulle het lede wat besig was om addisionele wetstoepassingopleiding te ontvang, in die veld uitgeplaas om die stropers se bedrywighede te monitor.

Donderdag, 30 Oktober het die stropers die beamptes opgemerk en die sakke in die veld weggegooi en op die vlug geslaan. Een lid van die SAPD en die 12 beamptes het beslag gelê op 'n paar sakke met sade. Een sak waarvan die sade skoongemaak is en nog 'n paar sakke wat nog skoongemaak moes word, is by die SAPD ingehandig. Die sade is van die Olifantvoetspesies, *Dioscorea elephantipes*, afkomstig. Die SAPD kon geen geldwaarde aan die sade koppel nie aangesien die sade baie moeilik weeg as gevolg van die grootte en gewig.

Die sade is aan CapeNature oorhandig

wat die saak verder sal hanteer. Volgens CapeNature het die stroping van die sade 'n potensiële negatiewe impak op die omgewing wat beteken dat die voortbestaan van die plante ernstig bedreig word.



Van die saad wat klaar skoongemaak is, waarop beslag gelê is.

Holrivierpad eis weer 'n lewe

Berig: Annemarie Munnik

LUTZVILLE: Omstandighede rakende 'n ongeluk wat op Sondag, 9 November in die draai naby die brug op die R362-Holrivierpad plaasgevind het, word ondersoek.

James Gillies (58) van Vredendal-Noord is in 'n Polo Vivo aangetref. Hy is op die toneel dood verklaar. Gillies was die pas-

sasier in die voertuig.

Vredendal Brandweer het om 10:23 die oproep ontvang. Toe hulle om 10:40 op die toneel aankom, het hulle die silwer voertuig buite die ryoppervlakte op sy dak aangetref. Die bestuurder is deur die ambulans weggeneem, hy het ernstige beserings opgedoen. 'n Saak van Strafbare Manslag is oopgemaak.



Stuur jou nuuswenke na:

Matzikama -

082 657 3182 of

edit.onskontrei1@gmail.com

Cederberg -

082 926 9934 of maaitjie@brbsales.com



Verlate of verlore eiendom te Vredendal

Berig: Adjudant-offisier Jannie Louw

VREDENDAL: Vredendal SAPD beskik tans oor die volgende eiendom wat verlore en/of verlate gevind is en oorhandig is aan die SAPD vir beskikking. Indien die publiek die eiendom herken as moontlike eiendom of inligting het oor die herkoms daarvan kontak adjudant-offisier Kolie Nel te Vredendal SAPD en tref reëlins om dit te kom afhaal.

Items: Een swart Lenovo skootrekenaar-Ideapad, een paar swart Nike sandale, een swart Mongoose fiets, een Gedore ratchet sleutel, een paar swart Awol sandale, en paar swart Real vroue sandale, een paar swart en groen atletiek hardloopskoene, een swart leer bakkieseil en een silwer braai staander.



OMGEWINGSMAGTIGING EN WATERGEBRUIKSLIENSIE-AANSOEK VIR DIE VOORGESTELDE HERSEËL EN REHABILITASIE VAN PAD DR 2215 (THE BATHS ROAD) VAN KM 0.00 TOT KM 15.73 ('N TOTAAL VAN 15.73 KM) NABY CITRUSDAL, WES-KAAP
DEA&DP KENNISGEWING VAN VOORNEME OM 'N AANSOEK IN TE DIEN
VERWYSING: 16/3/3/6/7/1/F2/2/141/25

Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NEMA) en die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014, soos gewysig, en ingevolge die Nasionale Waterwet (Wet No. 36 van 1998) (NWW), van die aanvang van 'n Basiese Assessering (BA) Proses en die gepaardgaande Openbare Deelnameproses.

Aansoeker: Wes-Kaapse Regering: Departement van Infrastruktuur

Projek: Die Voorgestelde Herseël en Rehabilitasie van die Distrikspad DR 2215 (The Baths Road) vanaf km 0.00 tot km 15.73 naby Citrusdal, Wes-Kaap. Soos per die koördinate hieronder aangedui:

Koördinate van DR 2215 wat Herseël en Rehabilitasie benodig	Breedtegraad	Lengtegraad
Begin Koördinate	32° 36' 00" S	18° 59' 54" O
Middel Koördinate	32° 40' 17" S	19° 01' 05" O
Eind Koördinate	32° 42' 30" S	19° 01' 50" O

'n Basiese Assesseringproses word vereis vir die Aansoek om Omgewingsmagtiging aangesien die voorgestelde ontwikkeling die volgende Gelysde Aktiwiteite in terme van die NEMA OIB Regulasies, 2014, soos gewysig, aktiveer:

Lyskennisgewing 1: Gelysde Aktiwiteit 12 en 19

Lyskennisgewing 3: Gelysde Aktiwiteit 12 en 14

'n Watergebruiks-lisensie-aansoek word vereis aangesien die voorgestelde ontwikkeling die volgende aktiwiteite in terme van die NWW, 1998, aktiveer:

Artikel 21 (c) – verhinderende of verlegging van die vloei van water in 'n waterloop

Artikel 21 (i) – wysiging van die bodem, oevers, koers of kenmerke van 'n waterloop

Geleentheid om Deel te Neem: 'n **Konsep Basiese Assesseringverslag (KBAV)** is saamgestel en vrygestel vir 'n 30-dae publieke kommentaar- en hersieningsperiode vanaf **18 November 2025 tot 09 Januarie 2026**. 'n Afskrif van die KBAV kan by die Citrusdal Biblioteek (Mullerstraat, Citrusdal, 7340) en op JG Afrika se webtuiste: www.jgafrika.com/public-participation, besigtig word. Geskrewe kommentaar moet teen nie later nie as 09 Januarie 2026 by JG Afrika ingedien word.

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) word uitgenooi om te registreer en geskrewe kommentaar op die Konsep BAV te lewer.

Vir meer inligting, kontak asseblief JG Afrika: Ms Aneesah Samodien / Mr Nonofa Motsei

E-pos: ppp-ct@jgafrika.com

Telefoon: +27 21 530 1800 | Faks: +27 21 532 0950

Posadres: PO BOX 38561, Pinelands, 7430

Webwerf: <http://www.jgafrika.com/public-participation/>

Gevaarlike tendens onder kinders

Berig: Annemarie Munnik

VANRHYNSDORP: 'n Nuwe tendens is besig om kop uit te steek in Vanrhynsdorp.

Kaptein Gerrit Ludick van Vanrhynsdorp SAPD sê hulle ondervind tans 'n probleem onder minderjarige seuns. Die seuns koop plastiek vuurwapens by spazas en loop dan daarmee rond.

Ludick sê hierdie wapens kan op misdaad neerkom, veral as die sodanige replikas en plastiekpistole gebruik word om mense te intimideer of misdaad daarmee te pleeg.

Klagtes ingevolge die vuurwapenwet kan teen sodanige jeugdige ingebring word

en hulle word gemaan om nie die speelgoed vuurwapens te koop vir verkeerde doeleindes nie.



Foto: Argief.

Markie

Die Handelspos @Museum
Lambertsbaai

15 November 2025
10:00 - 13:00

Verskeidenheid produkte:

- Brode
- Koeke
- Terte
- Skons
- Vleis
- Skoonheid
- Klere
- en vele meer...

Bespreek jou stalletjie by:
Helga Bouwer 066 208 6234

Ten bate van Sandveld Museum

DAMESO GGEND
NG Kerk Clanwilliam

Germandt

Zuleka

15 November 2025
Jy is goed genoeg!

NG KERKSAAL CLANWILLIAM

Kaartjies beskikbaar by:
Kerkkantoor: 027 482 1231
Marilise: 083 446 2599

R150pp 9:00am
Sluit in verversings
Koffie, Tee & Sap

HOOF NUUS

Brandweer staan bont na weerlig

Berig: Annemarie Munnik

VANRHYNSDORP: Donderweerwolke het Donderdag, 6 November al begin saampak in die omgewing en swaarweer het gelei tot groot skade. Op Vrydagmiddag, 7 November het weerlig 'n brand in Gifberg laat ontstaan wat vinnig in die droë veld versprei het. Vredendal Brandweer het die eerste oproep op Vrydag, 17:45 ontvang, 'n groot area het reeds gebrand. Gedurende die nag het dit bo in die berg gebrand wat dit ontoeganklik gemaak het. Saterdag is die brandweer weer na die toneel. Die vuur het na 'n paar plekke versprei waar brandbestryders dit teen die pad kon beheer. Hulle het ook probeer om 'n teeland te red, maar dit het ongelukkig daarheen versprei. Aanvanklik was twee eiendomme op twee verskillende plase in gevaar, maar die brandweer het vinnig opgetree en verseker dat geen huise beskadig is nie. Edith Coetzee en haar man woon al meer as 31 jaar op Koorlandshoek op Gifberg. Coetzee sê dit is die eerste keer dat hulle moes ontruim, maar nie die eerste keer wat dit op hulle eiendom brand nie. Hulle het al 'n paar brande beleef. Sy sê as 'n persoon in so 'n situasie is, dink jy nie aan ontruim nie. Hulle het nie daaraan gedink nie, totdat persone uit Vanrhynsdorp in "hulle massas opgedaag het, hulp verleen het en gesê het, hulle het gekom om ons te help ontruim," aldus Coetzee.

Die egpaar is later die dag na familie in Vanrhynsdorp, asook een van die skoon-dogters. Twee seuns en kleinseuns het agtergebly om die brand te help bestry. Sy sê later die aand is hulle weer terug plaas toe. "Ons het die nag op die plaas geslaap of eintlik gewaak om te sien hoe die brand vorder en bestry word, want die brandweer was heelnag hier om die brand te bestry." Daar is volgens Coetzee baie meer skade as die vorige keer. Hulle bedank graag die gemeenskap vir hulle ondersteuning. "Hulle was en is vir ons soos 'engele' wat gestuur is." Sy bedank ook die brandweer wat gehelp het om groot verligting te bring. "Ten laaste, maar gans en al nie die minste nie, ons Hemelse Vader wat elkeen van Sy skepsels en Sy skepping in Sy magtige Hand hou: aan Hom al die eer en heerlikheid en aanbidding," sluit Coetzee af. Sondag het dit steeds gebrand en brandbestryders is weer uit om enige opvlammings te verhoed. Hulle het ook seker gemaak dat die areas rondom die huise steeds veilig is. Die laaste inspeksies is op Maandagmiddag, 10 November gedoen. Daar is vasgestel dat die brand heeltemal geblus is. Ongeveer 1600 hektaar veld het vanaf Vrydag tot Sondag gebrand. Geen lewensverliese is gely nie.



Die gedeelte van Gifberg wat gebrand het. Foto: Matzikama Hiking Club.

Tydelike sluiting van Wes-myn

Berig: Annemarie Munnik

BRAND SE BAAI: Die westelike myn-afdeling by Tronox Namakwa Sands sal op 1 Februarie 2026 vir 'n jaar tydelik sluit. Na bewering as gevolg van die feit dat die markvraag na die sand versadig is. Ons Kontrei het navraag aan Tronox gerig waarop hul as volg reageer het: Tronox confirms that it is implementing a temporary operational pause at Brand-se-Baai West Mine. This decision is a proactive step in response to challenging global market conditions and is aimed at preserving cash and positioning the business for long-term recovery.

We acknowledge that this is a challenging time for our workforce and are committed to providing support and assistance. During this period, we are implementing redeployment measures and other initiatives to help minimise the impact across our operations. Some fixed-term contracts will conclude in line with our Social & Labour Plan and contractual requirements. Tronox remains committed to transparency, regulatory compliance, and ongoing engagement with all employees, unions, and stakeholders throughout this process.

SUPER SMALLS

Beskikbaar teen R900 + BTW vir 4 plasings. Spesiale aanbod op 12 plasings.

STEMPELS



Beskikbaar by Ons Kontrei kantore Centralstraat 8, Vredendal Tel: 027 213 2074

MASKAM CASH

Dorpstraat, Vredendal 027 213 3249 Kort op kontant? Ons kan help! Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente SASSA Trekkers: ID afskrif, betaalstrokie Salaris Trekkers: ID afskrif, salarisstrokie & 3 maande bankstaat *Terme en Voorwaardes geld



WESTERN CAPE LIQUOR AUTHORITY

IMPORTANT NOTICE

FORM 3A - NOTICE OF APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES IN TERMS OF SECTION 37(1) OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT,2008 – [REG. 10(1)]

Notice is hereby given that the following applications for liquor licences have been lodged with the Western Cape Liquor Authority (the Authority) and with the designated liquor officers at the indicated South African Police Service offices. The applications concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person, at the offices of the Authority or the designated liquor officer listed hereunder. Copies of an application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee. Objections and representations must be lodged in writing with the Authority and the designated liquor officer in accordance with section 39 of the Act.

VORM 3A - KENNISGEWING VAN AANSOEKE OM DRANKLISENSIES INGEVOLGE ARTIKEL 37(1) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET,2008 – [REG. 10(1)]

Hiermee word kennis gegee dat die volgende aansoeke om dranklisensies ingedien is by die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Owerheid) en] by die aangewese drankbeampes by die aangeduide Suid-Afrikaanse Polisiedienskantore. Die betrokke aansoeke kan, tot en met die 28ste dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek, op versoek en gratis deur enige persoon besigtig word by die kantore van die Owerheid of die aangewese drankbeampte hieronder gelys. Afskrifte van 'n aansoek kan by die Owerheid verkry word na betaling van die voorgeskrewe fooi. Besware en verdoe moet ooreenkomstig artikel 39 van die Wet skriftelik by die Owerheid en die aangewese drankbeampte ingedien word.

IFOMU 3A - ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SEPHEPHA MVUME NGOKWECANDELO 37(1) LOMTHETHO WOTYWALA WENTSHONA KOLONI KA-2008 – [UMGAQO 10(1)]

Isaziso siyanikezelwa ukuba ezi zicelo zilandelayo zamaphepha mvume otywala zifakiwe kwabasemaGunyeni ezoTywala eNtshona Koloni (abasemaGunyeni) nakumagosa ajongene nemiba engotywala kwii-ofisi ezixeliweyo zeeNkonzo zamaPolisa aseMzantsi Afrika. Izicelo ekubhekiselelwa kuzo zingakwazi kwiintsuku ezingamashumi amabini anesibhozo (28) ukususela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa eceliwe kwaye simahla, ziye kuhlolwa nguye nawuphi umntu okwi-Ofisi esemaGunyeni okanye yegosa elijongene nemiba engotywala elixelwe apha ngezantsi. Iikopi zesicelo zingafumaneka kwabasemaGunyeni emva kwentlawulo emiselweyo. Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyeni nakwigosa elijongene nemiba engotywala ngokwecandelo 39 loMthetho.

No.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgename perseel Idilesi yesakhiwo	Kind of licence applied for Tipe lisensie waarom aansoek gedoen word Uhlobo lwephepha mvume alucelayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisiedienskantoor van die aangewese drankbeampte waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona
1	Simply SA Wholesalers (Pty) Ltd	KEB Clanwilliam	Cedar Mill Mall, Shop 7A, Hospital Road, Clanwilliam, 8135	Off-Consumption	Clanwilliam
2	Yamu Operating (Pty) Ltd	Yamu Lifestyle Resort	ERF 3988, Ou Kaapseweg, Clanwilliam, 8135	On & Off-Consumption	Clanwilliam
3	Maxwell Simbongile Thiwani	Rasta's Liquor	Erf 1907, Barry's Hill. Klawer, 8145	Off-Consumption	Klawer
4	Maxwell Simbongile Thiwani	Rasta's Lounge Two	Erf 1907, Barry's Hill, Klawer, 8145	On-Consumption	Klawer

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

LAMBERTSBAAI:

Markie

Saterdag, 15 November

10:00 - 13:00

Die Handelspos@Museum

Navrae: 066 208 6234

CLANWILLIAM:

NG Kerk Damesoggend

Saterdag, 15 November

NG Kerkzaal, Clanwilliam

Navrae: 083 446 2599

VREDENDAL:

Matzi Music Festival

Vrydag & Saterdag 28 /29 November

Vredendal-Noord Sportgronde

Navrae: 067 732 7695

CLANWILLIAM:

NG Kerk Kersmark

26 tot 28 November

Kerkzaal

Besprekings: 027 482 1231

VREDENDAL:

Radio Namakwaland Straatete

Saterdag, 29 November

18:30 vir 19:00

NG Kerk Vredendal parkeerterrein

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer

Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182

edit.onskontrei1@gmail.com

Mariaan Smuts 082 926 9934

(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel

info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182

ads2.onskontrei@gmail.com

Matzikama-area

Mariaan Smuts 082 926 9934

maaitjie@isales.co.za

Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

027 213 2074

acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Engel se blydschap oor God se soekende liefde

Lukas 15:10 "So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer." Afrikaanse Vertaling 1953

Die fokusvers vorm deel van die middelste van drie gelykenisse, ook bekend as die trilogie van verloreheid: die verlore skaap, muntstuk en seun. Die fokus van die drie gelykenisse word egter duidelik geplaas op God se besondere liefde wat verlore sondaars opsoek en die vreugde wat dit bring.

Teenoor die ontsteltenis van die Fariseërs en Skrifkenner oor Jesus se saamwees met tollenaars en sondaars, wys Jesus hulle op die vreugde onder die engele in

die hemel oor een sondaar wat hom bekeer. Telkens word veral klem gelê op die moeite wat gedoen is met die soektog. Een skaap word gesoek terwyl 99 agtergelaat word. Een muntstuk word gesoek en 'n hele huishouding word byna omgekeer met die deeglike soektog. Hoekom al die moeite vir een skaap en een muntstuk? Die rede is duidelik en eenvoudig. Dit is die soeker se skaap en die soeker se muntstuk. Dit gaan alles oor eiendomsreg.

Bekering van 'n sondaar is duidelik die gevolg van God se sorgvuldige en liefdevolle soeke na diegene wat sy eiendom is, diegene wat gekoop is met die kosbare bloed van Jesus Christus. Hy is so lief vir hulle

dat ook die engele in die hemel ingespan word tot behoud en beskerming van sy kinders. Sou hulle verlore gaan en hulle word weer gevind, is daar blydschap ook onder die engele.

Ons moet aangegryp word deur God se soekende liefde. Ons was deur ons sonde ook verlore, maar is gevind. Vir elkeen wat op dié liefde reageer, is daar blydschap onder die engele. Daarom moet ons getrou soos die engele in die hemel God se wijsheid op aarde uitvoer deur meer moeite te doen met die verloreheid om ons. En ons sal saam met die engele kan deel in hierdie vreugde oor God se soekende liefde vir sondaarmense.

Dominee Sarel Cilliers

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Die "smart" meters is toe nou nie so smart nie

Ons Kontrei het 'n brief vanaf 'n leser ontvang. Matzikama Munisipaliteit het as volg reageer.

Ons munisipale bestuur en die afwesige raad (hulle skitter in hul afwesigheid) het 'n proses begin waar al die munisipale kragmeters vervang MOET word.

Die publiek is nie vooraf goed ingelig van hoe die meters gaan werk/funksioneer en hoe dit ons as verbruikers gaan raak nie. Hoekom nie? Want die munisipale bestuur het ook nie geweet hoe dit gaan werk nie. Want as hulle dit geweet het, sou hulle ons sekerlik ingelig het. Miskien is ons met voorbedagte rade mislei en geïntimideer. Het die munisipaliteit die reg om ons te dwing in 'n NUWE stelsel wat nog nie finaal getoets en uitsorteer is nie? *Die meter bly die eiendom van die Munisipaliteit, en dit is die Munisipaliteit se prerogatief om te verseker dat die meter akkuraat funksioneer en dat ons bybly met die nuutste tegnologie wat ons help om toesig te hou oor wat op ons netwerke gebeur veral met die groot toename in sonenergie. Hierdie meters help ons om ons netwerke te monitor en ondersteun ons in die uitvoering van ons mandaat rakende die kwaliteit van elektrisiteitsvoorsiening, soos vereis deur NERSA. Die ou meters het mos gewerk? Die ou meters het hul lewensduur lankal oorskry, en die Munisipaliteit het die reg om hierdie meters op te gradeer. Of gaan dit oor TOTALE BEHEER? Weet ons wat die meters alles kan doen en hoe dit teen ons as kragverbruikers ingespan kan word? Klink amper of dit deel van die sogenaamde "Digitale ID" is. Totale beheer en manipulasie! Die munisipaliteit is nie bewus van enige digitale identifikasienommers nie.*

Ons hoor van:

1. Nasionale Tesourie wat die projek loods. Hoekom word Matzikama uit alle munisipaliteite dan gekies? Wat skul hieragter? *Ons is een van vele munisipaliteite wat tans deel vorm van die skuldverligtingsprogram en wat gekies is om aan hierdie projek deel te neem. In werklikheid behoort ons ons waardering uit te spreek teenoor die Nasionale Tesourie vir ons insluiting, aangesien baie ander munisipaliteite self vir hul slim meters sal moet betaal, terwyl ons dit gratis ontvang.*

2. Name soos Vodacom en Ontec kom gereeld ter sprake? Watter rol speel hierdie instansies in die hele projek? Met bedrog aan die orde van die dag, wonder ons

maar net of hierdie projek so skoon en sonder korrupsie is soos wat aan ons voorgehou word? *Daar is tans sewe diensverskaffers wat deur die Nasionale Tesourie op RT29 aangestel is, en Vodacom is aan Matzikama toegewys. Indien u oor enige bewerings van korrupte praktieke beskik, word u versoek om dit by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aan te meld vir ondersoek.*

3. Ontec is skynbaar die mense wat die "app" of toepassing vir die stelsel ontwikkel? Ek self het al my derde toepassing afgelaai en dit lyk nog nie of dit reg funksioneer nie. Wanneer gaan dit uitsorteer word? *Verskaf asseblief besonderhede van wat nie korrek funksioneer nie, sodat ons dit verder kan ondersoek. Ons kan ongelukkig nie op vertolkings werk nie.*

4. "Wallet" het 'n gonswoord geword en die term duik gereeld op in gesprekke en tydens vergaderings. Dit is niks anders as 'n VOORAFBETAALDE meter nie. Matzikama, julle het ons mos doelbewus bedrieg en mislei??? *Niemand is mislei nie. Diegene wat die vergaderings bygewoon het, sou volledig ingelig wees oor die werking van die beursie-stelsel. Indien u nie 'n sonkraginstallasie het nie, is dit nie nodig om op die beursie-stelsel te wees nie.*

5. Sonkraggebruikers (SSEG) - julle gaan vergoed word vir die krag wat julle terugsit in die netwerk! Hoe werk dit presies, want ons weet nie hoe die berekening gedoen word nie. Verduidelik vir ons almal hoe dit werk! Ons soek dit op skrif! *SSEG-kliënte is op 'n Tyd-van-Gebruik-tarief, soos uiteengesit in die munisipale tariefskema wat vir die publiek beskikbaar is op die munisipale webtuiste. Die stelsel meet die kWh wat verbruik word en pas die verbruikstarief toe (gebaseer op Tyd-van-Gebruik), en dit meet ook die kWh wat uitgevoer word en pas die uitvoertarief toe (ook gebaseer op Tyd-van-Gebruik). Die verbruik word daaglik van u beursie afgetrek, en aan die einde van die maand word u beursie weer met die Randwaarde van die energie wat uitgevoer is, aangevul. U ontvang egter slegs 'n krediet tot die waarde van die energie wat verbruik is - die Munisipaliteit mag nie vergoeding gee vir meer energie as wat verbruik is nie.*

6. Die slimmeters is nie deur die SABS getoets en as 'n geloofwaardige instrument bevind nie. Daar is te veel mense wie se kragverbruik die hoogte in geskiet het? Toetsing moet deur 'n geloofwaardige

instansie gedoen word. Wie gaan betaal vir die foutiewe meters?? *Die meters word getoets volgens die IEC-standaarde.*

Die installeerders is nie opgeleide vakmense (elektrisiëns met 'n Rooi Seël) nie en daar het al 'n belastingbetaler se "inverter" onklaar geraak tydens installasie. *Die installeerders is gekwalifiseerd.* Nou trek almal hulle skouers op en die versekering weier om te betaal, omdat die installeerder nie bevoeg was om die installasie te doen nie. Daar is munisipale wetgewing wat bepaal dat slegs opgeleide elektrisiëns mag aan jou elektrisiteit installasie werk. Enige verandering vereis ook 'n COC-sertifikaat van 'n gekwalifiseerde vakman om te bevestig dat die installasie korrek gedoen is. Dit moet mos in hierdie gevalle ook van toepassing wees? Wat vir die een geld, moet ook vir die ander geld? Die koning van perskonferensies (in die afwesige raad) is egter van mening dat dit nie nodig is nie. Vra jou makelaar wat jou versekering van jou gebou hanteer en hoor wat hulle sê?

Wat gaan word van die inwoners wat nie die "slimmeter" wil hê nie? Mense wie se munisipale rekeninge op datum is? Gaar hulle krag of water afgesny word? Hoe grondwetlik is hierdie proses. Mag 'n wetsgehoorsame inwoner wie se rekening op datum is, geforseer word om die nuwe meter te laat installeer? *Soos voorheen genoem, bly die meter die eiendom van die Munisipaliteit, en ons sal alle meters vervang wat nodig is. Diegene wat weier om die munisipaliteit toegang tot ons meters op hul eiendomme te gee vir vervanging, sal afgeskakel word.*

Ek wil afsluit en vra: "Kan die munisipaliteit nie die feite, rondom die "slimmeters", aan die inwoners deurgee nie? Daar is baie onsekerheid onder ons inwoners en dit lei tot frustrasie en ongelukkigheid. *Daar is reeds voldoende kommunikasie rakende die slimmeters in omloop. Teen die tyd dat u hierdie artikel in u weeklikse koerant publiseer, sal ons 'n regstreekse uitsending gehad het (Woensdag, 12 November 2025) om soveel mense as moontlik te bereik en meer inligting met die publiek te deel.*

Neem asseblief kennis dat ons reeds meer as 9 000 van die 10 000 meters geïnstalleer het.

Adam Tas

AKTUELE NUUS

Sitrus uitvoere dui op stygings

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CEDERBERG: Gedurende die 2025 uitvoerseisoen het die Suider-Afrikaanse sitrusprodusente 203.4 miljoen 15 kg kartonne verpak vir lewering aan globale markte. Dit verteenwoordig 'n beduidende toename van 19% vanaf die oorspronklike skatting in April wat 171.2 miljoen kartonne was. Dit is 'n toename van 22% vanaf die syfers vir uitvoerverpakking in 2024.

Die groep word bedryf deur 'n kombinasie van gunstige weerstoestande in die groeiende streke en die baie jong bome wat hierdie seisoen vrugte gedra het. Verder sluit onvoorsiene faktore wat tot die rekordbrekende prestasie bygedra het die volgende in: 'n Uitsonderlike vraag in oorsese markte vir verwerkingsgraad lemoene en suurlemoene. 'n Vroeë einde aan die aanbod in die Noordelike Halfrond wat sterk aanvraag gedryf het en die voorsieningsvenster verleng het deur belangrike verkoopsweke aan die begin van die Suid-Afrikaanse sitrusseisoen by te voeg. Verbeterde logistieke doeltreffendheid, veral hawe doeltreffendheid, is deur Transnet bereik, hoofsaaklik deur beleggings in nuwe toerusting en die bekendstelling van werknemer aansporings gekoppel aan produktiwiteit. Daar was 'n hoë vlak van effektiewe samewerking deur alle logistieke spelers,

insluitend skeeprederye, wat gelei het tot 'n produktiewe logistieke ekosisteem. Verbeterde produksiedoeltreffendheid op plaasvlak met betrekking tot waterverbruik en plaagbestuur, sowel as 'n verhoogde proporsie hektaar onder nette, het ook bygedra tot 'n uitsonderlike opbrengs van vruggehalte.

Die finale verpakte syfers vir 2025 is soos volg: 15,3 miljoen kartonne (15 kg ekwivalent) pomelo's is vir uitvoer verpak, wat ook die aanvanklike skatting in April was. Dit is 'n toename van 7% vanaf die 2024-seisoen. 53,5 miljoen kartonne mandaryne is verpak, wat 'n noemenswaardige toename van 28% vanaf die vorige seisoen verteenwoordig. Dit is 'n toename van 19% vanaf die oorspronklike skatting in April. 41.3 miljoen kartonne suurlemoene is verpak. Dit is 26% meer as die oorspronklike skatting, en 'n toename van 19% vanaf die verpakte syfers van 2024. Navellemoene wat vir uitvoer verpak is, het 'n toename van 25% vanaf 2024 getoon. Vanjaar se 31.5 miljoen is 'n toename van 21% vanaf die oorspronklike skatting vir die seisoen. 'n Totaal van 61.8 miljoen kartonne Valencia-lemoene is vanjaar verpak. Dit is 'n noemenswaardige toename vanaf die 52 miljoen wat in April geraam is, en 2024 se 48.7 miljoen kartonne.



Dames vier Kankermaand

Elandsbaai Kankermaand afsluiting

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

ELANDSBAAI: Turning Tides, 'n nie-winsgewende organisasie in Elandsbaai en die Golden Girls het op Donderdag, 29 Oktober die afsluiting van Kankermaand gevier. Verskeie persone uit die gemeenskap en organisasies was betrokke by die dag.

Die dames, mans, jonk en oud het onder die oop hemel en op die sagte sand van Elandsbaai bymekaargekom. Hulle het Kankerbewusmakingsmaand afgesluit met gebed en dankbaarheid. Hulde is gebring aan almal wat hul stryd teen kanker verloor het of tans teen kanker veg. Al die dames was geklee in wit en pienk.

Die groep het ook vir onderwysers, SAPD lede en elke huisgesin gebid. Gebede het ook opgegaan vir die manne wat op die see werk, kinders wat met dwelms worstel en mans en vroue wat nie werk het nie.

Mario van Wyk, voorsitter, rig 'n spesiale dank aan Dorothy van Rooi en haar span wat die dag gereël het. Van Rooi het 'n groot ondersteunersgroep uit die gemeenskap gehad wat haar hiermee gehelp het. Van Wyk bedank hulle vir hulle toewyding. "Dankie aan elkeen wat sy/haar voetspore op die sand gelos het," sê Van Wyk. Hy bedank ook die engele wat nie hul name genoem wil hê nie en sê hulle is vroue duisend en draers van lig in ander se lewens.

Die dames het lekker saamgekuier in die karavaanpark waar daar gebraaai is en heerlik gesmul is aan Maureen van Neel se peuselhappyes.

Van Wyk sê hulle sien uit daarna om almal weer op 16 Desember by die Kersete te sien.

"Cancer is so limited... It cannot cripple love. It cannot shatter hope. It cannot corrode faith. It cannot destroy friendships. It cannot invade the soul. It cannot conquer the spirit."

- Unknown



Oestyd in die pakhuis.

Boek eersdaags bekendgestel

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Die skrywer, Anna-Bet Stemmet uit die Swartland, besoek op 22 November Vredendal om haar eerste kortverhaalbundel, "Goed wat gebeur het met mense op plekke" (foto onder) by Manuela's bekend te stel. Stemmet het in Junie die nuus ontvang dat haar kortverhaal, "Chatsworth, Susster" gekies is vir die Woordfees kortverhaalbundel. Daarna het sy moue opgerol en teen die spoed van lig weggespring om haar eie bundel saam te stel.

"Goed wat gebeur het met mense op plekke", is einde Oktober deur Turksvy Publikasies uitgegee.

Sommige van die werke is nuut, ander dateer uit 'n vroeër era, met 'n vars nuwe baadjie. "Die boek is 'n heerlike emosionele palate cleanser in 'n tyd wat baie dinge swaar en moeilik

voel," sê komediant Anne Hirsch. Aanlyn bestellings van die boek kan geplaas word by skryfster.com



Meevaller vir Staatsamptenare wat wil loop, loop uit

Amptenare het net tyd tot 30 November 2025 om die staat se aanbod vir vervroegde pensioen te aanvaar. Die tyd loop vinnig uit; net twee weke om te besluit.

Die staatsdiens het skeidingspakkette aangekondig vir amptenare bo die ouderdom van 55. So wil die staat hoë salaris uitgawes beperk, en poste skep vir jonger toetreders.

"Dikwels is 'n staatsamptenaar baie gefrustreerd in sy of haar pos, of in die algemeen ontevrede om verder vir die staatsdiens te werk" sê Hendrik le Roux. Nou is die kans vir iemand wat al lankal dink: hoe kan ek tog ophou, en 'n nuwe loopbaan begin. Die staat gaan die pensioen subsidieer, met verminderde penalisasie vir vroeë aftrede.

"Ons was verbaas oor die getal navrae na die aftreeberig in Ons Kontrei van Vrydag 7 November 2025. Die GEPP-spesialiste van Portfire is vir navrae bereikbaar op Whatsapp, by die maklike nommer 067 777 77 72"

Hendrik le Roux, self tevore 'n GEPP lid, gee die afgelope 25 jaar reeds advies, en is gekwalifiseerd in GEPP-lidvoordele. Esterbeth Singels het ook meer as 15 jaar ervaring, en sy sê: "Die makelary, Portfire, gee nie net oor GEPP-voordele advies nie, maar ook professionele raad oor die tegniese vereistes van bedanking en aftrede, en help sorg dat die vorms almal reg voltooi is."



FINANSIËLE ADVIES VIR GEPP-LEDE

Bedank of aftree? Beperk belasting met gepaste advies.

Aftreebeplanning sodat SARS die minimum kan hef.

Behou meer van jou aftreegeld vir jouself.

Bedank met die regte opsies.

Kontak ons spesialis adviseurs by:

067 777 7772 – Hendrik le Roux
082 556 3403 – Esterbeth Singels

De Vleistraat 10, Clanwilliam, 8135

Portfire Privaat Portefeuljes (Pty) Ltd is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste. FSP nommer 50779.

INDEKS**Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings****29 AKKOMMODASIE**

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaiplaat, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



PASELLA ADS
WORD GRATIS GEPLAAS
Geen handelaars.

WERK GESOEK: Nagwag op soek na werk. Bereid om huise en besighede op te pas, 078 866 9707.

Vanrhynsdorper op pad na Maleisië

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Edwardo Delpont (foto regs), 'n leerder van Hoërskool Vanrhynsdorp is verkies om Suid-Afrika internasionaal te verteenwoordig. Delpont is deel van die Okinawa Goju Ryu Karate Association (OGKK) wat gedurende

de Junie 2026 aan die 25ste Malaysia International Karate Championships gaan deelneem.

Die skool is trots op hom en wens hom sterkte toe met sy voorbereiding.

**PARSHULPE 2026 OES**

Klawer Wynkelders beskik oor parshulp poste gedurende die 2026 parsseisoen.

In ruil bied Klawer Wynkelders 'n mededingende salaris aan.

Ondervinding in wynmaak sal in u guns tel.

Die parsseisoen strek van begin Januarie tot einde Maart 2026.

Stuur asseblief u CV aan:
mnr Pieter Van Aarde by pieter@klawerwyn.co.za
voor of op **Vrydag, 5 Desember 2025**

Indien u geen terugvoer binne 10 dae ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.



Vredendal
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings**BOWNS**

SOPHIA MARIA (MOSSIE)

08/04/1956 – 05/11/2025

Diens vind plaas in die Kapel van Vredendal Tuis vir Bejaardes om 09:30 op Saterdag 15 November 2025.

Teraardebesteding Vredendal Begraafplaas.

BURGER

VAN DER MERWE

04/02/1942 – 05/11/2025

Gedenkdien: Saterdag 15 November 2025 om 10:30 in die NG Kerk Lambertsbaai.

Privaat Verassing.

MAYEKI

WILLY

02/04/1964 – 06/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 15 November 2025 vanuit die huis te 30 Agste Straat, Calvinia om 09:00.

Teraardebesteding Calvinia Begraafplaas.

SPANGENBERG

PIET

14/08/1944 – 08/11/2025

Gedenkdien: Donderdag 20 November 2025 om 10:00 in die NG Kerk Loeriesfontein.

Privaat Verassing.

SWART

CATY

03/06/1972 – 03/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 15 November 2025 vanuit die huis te Sonneblomstraat 947, Lutzville om 12:00.

Teraardebesteding Kleinplasia Lutzville.

VAN REENEN

MIETJIE

19/06/1960 – 09/11/2025

Begrafnisdien vind plaas op Sondag 16 November 2025 vanuit die huis te Retreat Plaas, Vredendal om 09:00.

Teraardebesteding Vredendal-Suid.

WIESE

JANEY

19/02/1933 – 29/10/2025

Gedenkdien: Donderdag 13 November 2025 om 09:00 in die NG Kerk Vanrhynsdorp.

Privaat verassing.

Lutzville tennisspelers presteer

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Hoërskool Lutzville wens graag hulle O/12 tennisspelers geluk. **Elané en Gerber van Zyl en Elné Lategan (foto onder)** het tussen 7 en 9 November deelgeneem aan

die Interdistrikstennistoernooi. Die spelers het Platte-land verteenwoordig en goud gewen nadat hulle met Eden, Drakenstein en Winelands afgereken het.



SUPER SMALLS
R900 + BTW
vir 4 plasings.



PUBLIC PARTICIPATION PROCESS
TAKING OF WATER FROM
OLIFANTS RIVER FOR USE ON THE
PROPERTY PORTION 37 OF
ZYPHERFONTEIN 66,
CLANWILLIAM DISTRICT.

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998), for the application for a water use licence by Atlantic Black (Pty) Ltd. The application is for the transfer of a portion of an existing water use authorisation for taking of water from Trawal Fresh Fruit Company at a total of 500 000m³ per year from the Olifants River for irrigation. Water use will be on portion 37 of Zyperfontein 66, Clanwilliam District.

A water use licence is required for Section 21(a) water use for taking of water for agriculture.

Project Location 31.935276°S, 18.714845°E

Wateright Consulting was appointed to facilitate the water use licence application.

Public participation: Interested and Affected Parties are hereby notified of the application and invited to provide written comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before 29 January 2026.

Wateright Consulting, PO Box 863, Bellville, 7535 / Tel: 0828073535
email: wateright1@gmail.com

Dogter onder top presteerders

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Pomario Onafhanklike Skool is geweldig trots op een van hul leerders.

Paula Oberholzer, 'n graad 6 leerder, is erken as een van die toppresterders in die Wes-Kaapse Kunstefees vir 2025 Paula het 'n uitstaande 95% vir haar klaviersolo behaal, wat haar 'n plek onder die provinsie se beste jong musikante versker het.

Uit meer as 3 000 inskrywings het slegs 301 musiekdeelnemers hierdie vlak van uitnemendheid bereik.



Paula Oberholzer voor die klavier.



MUNICIPALITY MATZIKAMA
MUNISIPALITEIT

NOTICE/KENNISGEWING

INVITATION TO THE PUBLIC FOR
THE SUBMISSION OF INPUTS TO THE
FOURTH REVIEW & AMENDMENT
OF THE 2022-2027 INTEGRATED
DEVELOPMENT PLAN (IDP)

Section 21 of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 as amended, requires Municipalities to involve local communities and role players with their IDP planning processes and to promote participative democracy.

To give effect to the above legislation, Matzikama Municipality has resolved to host a virtual public engagement session during which municipal officials will provide ward-based feedback and record community inputs for the review and amendment of the Integrated Development Plan (IDP). The session will be recorded and made available on the Municipality's official social media platforms for public viewing after the engagement.

Engagement Details:

Date: **20 November 2025**

Time: **17:00**

Platform: **Virtual via the Municipal Facebook Page**

To ensure broad and inclusive participation, Matzikama Municipality will also make use of other practical communication methods to receive inputs from residents. These include, but are not limited to, the Municipal WhatsApp Channel, Facebook Page, Email, the Municipal Website and Ward Committees, allowing the public to conveniently provide their IDP inputs. Members of the public who are unable to take part in the virtual engagement may submit their inputs in writing to the Municipal Manager, at: The Municipal Manager, Matzikama Municipality, P.O. Box 98, Vredendal, 8160.

Alternatively, inputs can be emailed to deonew@matzikama.gov.za to reach the Municipality no later than 12:00 on Monday, 22 December 2025. Residents who do not have access to any of the above facilities are encouraged to contact the IDP Office at (027) 201 3396 / 3426 / 3421 / 3367 or visit the office for assistance in this regard. The IDP documents are available on the municipal website at www.matzikamamunicipality.co.za.

LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER

NOTICE NO: K17/2025 - 2026

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:

Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Maskam duiwe sluit seisoen af

Berig en foto's: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die Maskam duiweseisoen is amptelik iets van die verlede. Die algemene jaarvergadering het op 1 November plaasgevind en al die lede word bedank vir hulle teenwoordigheid. Die bestuur vir 2026 is herkies, met Jaco du Randt (voorsitter), Grant Spammer (ondervoorsitter), Chris Baard (wedvlugsekretaris) en Reon Spammer (tesourier). Die jaarlikse prysuitdeling is ook gehou

en elke lid wat pryse ontvang het word hartlik gelukgewens. Baard hokke is aangewys as vanjaar se Federasiekampioen met Jean Agenbach in die 2de plek, beide lede is van Lutzville klub. Valentine lofts van Vredendal klub het 3de geëindig. Al wat vir die jaar oorbly, is die broeiseisoen wat reeds sterk opdreef is en ook die jaarlikse veiling, wat einde November eindig. Die publiek is ook welkom om hieraan deel te neem.



Bolla Baard, Federasiekampioen.



Jean Agenbach, naaswenner.



Valentine lofts.



Hilton Leukes.



Agter is Shelomy Makamba, Juliana Snewe, Jacques Gielse, Gretshon Brandt en Jordan Heunis. In die middel is Kaylim-Leigh Beukes, Riansha Magott, Elozandro Skippers, Adin Pieters, Xavier Kotzé en Machanique Snewe. Voor is Malcolm van Rooy.

Steilhoogte verkies leerderraad 2026

Berig en foto's: Verskaf

KLAWER: Tydens die Merietetoekennings op 23 Oktober, is die nuwe leerderraad vir 2026 van Steilhoogte Primêr, aangewys. Die volgende leerders is verkies: Jordan Heunis (hoofseun), Kaylim-Leigh Beukes

(hoofdogter), Gretshon Brandt (onderhoofdogter), Adin Pieters (onderhoofseun), Juliana Snewe, Xavier Kotzé, Jacques Gielse, Shelomy Makamba, Riansha Magott, Malcolm van Rooy, Machanique Snewe en Elozandro Skippers.

"In every challenge lies an opportunity for growth, and in every voice, a spark for change." -Goodreads

Stempels

Beskikbaar by

ONS KONTREI KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

Vredendal

Tel: 027 213 2074

STEENKAMPSKRAAL MONAZITE MINE

OPENBARE KENNISGEWING

Steenkampsraal Monasiet Myn gee hiermee kennis dat die myn se **Sosiale en Arbeidsplan (SAP) 2025-2029** is voltooi en goedgekeur deur die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (DMPR).

Die goedgekeurde plan kan gelees word by: Vredendal Openbare Biblioteek, Nuwerus Hoërskool, Bitterfontein E-Sentrum en Kliprand Nuwefontein Laerskool.

Steenkampsraal Monasiet Myn bly verbind tot volhoubare ontwikkeling en die bevordering van die Matzikama-gemeenskappe, so ook ander goedgekeurde areas van Suid-Afrika.

PUBLIC NOTICE

Steenkampsraal Monazite Mine hereby informs the public that its **Social and Labour Plan (SLP) 2025-2029** has been completed and approved by the Department of Mineral and Petroleum Resources(DMPR).

The approved plan can be read at: Vredendal Public Library, Nuwerus High School, Bitterfontein E-Centre, and Kliprand Nuwefontein Primary School.

Steenkampsraal Monazite Mine remains committed to sustainable development and uplifting the Matzikama communities as well as other selected areas of South Africa.

CEDERBERG

MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

TENDER NUMBER: CED 09/2025-2026

SUPPLY AND RENDERING OF A SERVICE TO ENSURE BEACH/DAM SAFETY BY PROVIDING BEACH/DAM SAFETY EQUIPMENT AND MANAGING A LIFEGUARD PROJECT

NOTICE NO: 324/2025

Tenders are hereby invited for the abovementioned services.

Tender documents, in English, are obtainable from Thursday, 13 November 2025, at the reception of Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, between 08:00 and 16:00 (Monday-Thursday) and Friday 08:00 -14:00 or from Melanie Arries at tel.no. 027 482 8000 or melaniek@cederberg.gov.za upon payment of a tender participation fee.

Payment of a non-refundable tender deposit of **R1101.00** (VAT inclusive) is applicable. The amount must be deposited into the Cederberg Municipality's account at Standard Bank, Branch Code: 05-0106, Account No: 082 163 324. The reference number when doing payment is CED 09/2025-2026 – Company Name. Proof of payment is necessary when collecting tender documents.

Tenders in sealed envelopes, endorsed with: **"TENDER NO. CED 09/2025-2026:" SUPPLY AND RENDERING OF A SERVICE TO ENSURE BEACH/DAM SAFETY BY PROVIDING BEACH/DAM SAFETY EQUIPMENT AND MANAGING A LIFEGUARD PROJECT"** must be deposited in the Tender Box at the offices of the Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Bids may only be submitted on the bid documentation issued by Cederberg Municipality.

The closing date and time of the tender is **28 November 2025 at 12:00** and tenders will be opened in public immediately thereafter in the Supply Chain Management Committee Room, Clanwilliam Administration.

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, and/or to re-advertise or reject any tender, or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the lowest or highest or any tender.

Please refer enquiries to Mr. R Meyer on telephone number: 027 482 8000 or richardm@cederberg.gov.za

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

155305 www.cyanobacteria.co.za

CEDERBERG

MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

TENDER NUMBER: CED 10/2025-2026

ANALYSING AND REPORTING OF WATER AND WASTEWATER TREATMENT SAMPLES WITHIN THE CEDERBERG MUNICIPALITY

NOTICE NO: 325/2025

Tenders are hereby invited for the abovementioned services.

Tender documents, in English, are obtainable from Thursday, 13 November 2025, at the reception of Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, between 08:00 and 16:00 (Monday-Thursday) and Friday 08:00 -14:00 or from Melanie Arries at tel.no. 027 482 8000 or melaniek@cederberg.gov.za upon payment of a tender participation fee.

Payment of a non-refundable tender deposit of **R1101.00** (VAT inclusive) is applicable. The amount must be deposited into the Cederberg Municipality's account at Standard Bank, Branch Code: 05-0106, Account No: 082 163 324. The reference number when doing payment is CED 10/2025-2026 – Company Name. Proof of payment is necessary when collecting tender documents.

Tenders in sealed envelopes, endorsed with: **"TENDER NO. CED 10/2025-2026:" ANALYSING AND REPORTING OF WATER AND WASTEWATER TREATMENT SAMPLES WITHIN THE CEDERBERG MUNICIPALITY"** must be deposited in the Tender Box at the offices of the Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Bids may only be submitted on the bid documentation issued by Cederberg Municipality.

The closing date and time of the tender is **15 December 2025 at 12:00** and tenders will be opened in public immediately thereafter in the Supply Chain Management Committee Room, Clanwilliam Administration.

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, and/or to re-advertise or reject any tender, or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the lowest or highest or any tender.

Please refer enquiries to Mr. E Klaassen on telephone number: 027 482 8000 or eltonk@cederberg.gov.za

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

155305 www.cyanobacteria.co.za

Vredendal parkrun/walk

5km stap of draf
Saterdag
om 7:00
Parc de Lausanne

Registreer by
www.parkrun.co.za/vredendal

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

14 NOVEMBER 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074

Atlete laat hulle nie onderkry nie

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: En daar versplinter 'n klomp atlete se Comrades-drome voor die meeste van hulle 'n vinger kon lig - in minder as 10 ure! Die ink op die 2026-inskrywingsvorm was skaars droog, of die plekke is almal opgeraap, en 'n groot gros atlete sit droëbek en inskrywingloos. 'n Mens weet nie of jy opgewonde moet wees oor sóveel mense net so honger is vir hardloop, en of jy jammer moet voel dat die inskrywingstal nie onbeperk kan wees nie. Maar nou-ja, almal ken die beperking van omgewing en logistieke soos wel duidelik met 2025 se Two Oceans gesien is. Om die Comrades-organiseerders aan te haal: 'This overwhelming response is a testament to the unbelievable passion and support you have for The Ultimate Human Race..' En nou weet almal: sorg vooraf dat jou inligting op die stelsel korrek is, en sit met jou vinger gereed om die 'Submit'-knoppie te druk, al moet jy jou slaap daarvoor in ...

Namaqua-atlete laat hulle gelukkig nie onderkry nie en bly besig. Die Melkbos 15 km Mo Run ter ondersteuning van November en mangesondheid was 'n prettige lekker wedloop. Die begeesterde besnordes se uitslae: Chris Barnard 02:04:05, Frieda Barnard 02:29:28, Lee-Ann Barnard 02:04:05, Stephanus Burger 01:30:39, Karin Burger 01:46:12, Denise Farmer 02:12:41, Aninda Maass 01:38:09. Alwyn Maas het aangetree as ondersteuner.

En die Calitze se energie is eindeloos: 26 Oktober: Don Lock Memorial 15 km Danie 01:37:00, Sharon 01:31:20, en Sharon 'double up' met die 8 km: 50:15.

31 Oktober: Halloween Trail 5 km Night Run Danie 40:17, Sharon 40:19. 1 November: Huis Horison 10 km Trail Run Danie 01:19:26, Sharon 01:17:58. 2 November: Axxess Landmarks Halfmarathon 21 km Danie 02:21:06, Sharon 02:20:39. 8 November: Paarlberg 21 km Danie 02:32:36, Sharon 02:32:24. Soos die spreekwoord lui: Aftree is nie vir sis-sies nie!

Die Sportsmans Warehouse Winelands Marathon in Stellenbosch is om die draai en almal is bedrywig en aan die oefen. Namaqua Atletiekklub gaan, soos elke jaar, sterk verteenwoordiging hê met 23 atlete wat in die blokke sal wees.

Persone wat volgende jaar by Namaqua Atletiekklub wil aansluit, moet so gou moontlik vir Elna Esterhuyse (083 701 1316) of Adele Maass (083 627 7759) kontak. Leerders is ook welkom.



Danie en Sharon Calitz.



Denise Farmer, Stephanus Burger, Karin Burger, Alwyn Maass, Lee-Ann Barnard, Chris Barnard, Frieda Barnard en Aninda Maass.

Vineyards CC vs Velddrif CC

Article: Julian Wildschut
Photo: Supplied

VREDENDAL: This past weekend Vineyards Cricket Club travelled to Velddrif, to take on Velddrif Cricket Club at the Smit Sport grounds.

In very hot and humid conditions, the visitors won the toss and elected to field first. Velddrif got off to a flying start with Melvyn Jackson (24) taking a liking to the Vineyards opening bowlers. With the score 27 for no loss after 2 overs, Wylan Cloete got the first break through by getting rid of D Bester after a brilliant one handed catch in the slips by Allistair Engelbrecht. With some more tight bowling and a stop of runs, wickets continued to fall, with Wilbur Van Wyk and Boltwin Adonis chipping in with a wicket each, leaving the away side in total control.

Captain, D Smith (77) and partner D Blaauw (45) kick started the fight back for the home side. With a terrific partnership between the two, Marlon Rooi got the break trough and was assisted with arguably the best catch of the season from Alden Rooi Roswin Ross was then introduced and bowled brilliantly, taking 2 wickets and ensured that Velddrif CC finished their innings on 217/8 in their 50 overs.

Batting: Velddrif Cricket Club: D Smith - 77, D Blaauw - 45, M Jackson - 24.

Bowling: Vineyards CC: Wilbur Van Wyk: 2/39 in 10 overs, Roswin Ross: 2/39 in 6

overs, Wylan Cloete: 1/19 in 10 overs

The chase got off to a tricky start, with G Januarie getting rid of Marlon Rooi for 7. A 31 run partnership between captain, Wylan Cloete and Dudley Claassen began the fight back. After Melvyn Jackson bowled D Claassen for 17, the home side was taking back control. Roswin Ross (31) joint Cloete (27) and the two got the run chase back on track with a 55 run-partnership. These two went back to the sheds after 2 quick wickets in 2 overs. Allistair Engelbrecht (48) and Maxwell Smith (27*) then ensured that the away side wouldn't go down without a fight with a terrific 70-run stand. The momentum swung when Engelbrecht took A Otto for 19 runs off over 29. Late drama happened when G. Januarie got the wicket of Engelbrecht. Smith was then joined by Wilbur Van Wyk and the two saw that no further damage was done by reaching the target in the 48th over. That meant the Vineyards CC won the match by 4 wickets.

Batting: Vineyards CC: Allistair Engelbrecht - 48, Roswin Ross - 31, Maxwell Smith - 27*.

Bowling: Velddrif CC: G Januarie: 3/39 in 9 overs, M Jackson: 1/26 in 10 overs, A Zenzile: 1/26 in 8.4 overs.

Vineyards CC's next match will take place on Saturday, 15 November when they play host against Paternoster Cricket Club

La'Mar wen Weskusspanne

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: La'Mar Krieketklub het Saterdag, 8 November op Vredenburg teen Vredenburg/Saldanha gespeel en skitterend vertoon. Vredenburg/Saldanha het eerste gekolf en is uitgeboul vir slegs 96 lopies. Jose Alfred, 4/17 en Paul Koopman, 3/15 was verbysterd in hul boulaanval.

Hulle is goed bygestaan deur William Bester met 2/10.

La'Mar het gekolf en het die wenlopie in slegs 16.1 boulbeurte aangeteken. Paul Koopman, 34 en Luaan van der Heever, 32 was uitstekend met die kolf. La'Mar wen die wedstryd met 9 paaltjies.



La'Mar se krieketspan.



Vineyards Cricket Club's players.